MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

23 September 2020

OB 22: Algemene omsendbrief

Beste Ouers

Montie-Mall: *Die Monties het hulself weer oortref!* Baie geluk en baie dankie met hierdie puik poging. In ons "Covid-jaar", met al die ekonomiese uitdagings, het u dit sowaar reggekry om verlede jaar se verkoopsyfer verby te steek! Ek was totaal stomgeslaan, soos ek die inkomende bestellings saam met die kantoordames dopgehou het. Ons kry nog geldjies in en nadat die verskaffers betaal is, sal ons die finale syfers aan u deurgee. Ons as beheerliggaam en personeel is ongelooflik dankbaar vir elkeen se inkoop in dié projek.

Erfenisdag: Dond. 24 September: Ek herinner u daaraan dat die skool op 24 September gesluit is, maar dat 25 September weer 'n normale skooldag is. Hoërskool Montagu is besig met eksamen en daarom het ons nie aansoek gedoen om die 24e skool te gaan en op die 25e te sluit nie. Ons het vervoerreëlings en moontlike verwarring in ag geneem as die 2 skole nie op dieselfde dae gesluit is nie.

Skooldrag: Ons leerders het tans steeds die keuse om met skooldrag of gewone klere skool toe te kom. Daar is verskeie leerders wat afwisselend hul skooldrag dra. Ons beplanning is dat leerders vanaf kwartaal 4 (2 November) weer voltyds skooldrag aantrek. Alhoewel ons waarskynlik nog nie sport sal kan doen nie, beplan ons egter dat leerders Dinsdae en Donderdae hul skool sportdrag mag aantrek.

Veiligheid: Ons wil vra dat u asb. met u kind in gesprek tree rondom veiligheid wanneer die aflaaisone en strate oorgesteek word. Ons merk dat sommige leerders baie onverskillig oor die aflaaisone hardloop, of roekeloos die strate oorsteek waar onderwysers nie naby is nie. 'n Verdere *groot* probleem is voertuie wat op die straatoppervlakte in Du Toistraat stilhou en sodoende die uitsig versper. Leerders en ander voertuie kan nie aankomende voertuie sien nie. Ek besef parkering op die sypaadjie en aflaaisone is beperk, maar ons mag steeds goedgunstelik van Spar se parkeerarea (naaste aan die rivier) gebruik maak. Help asb. om ons leerders veilig te hou.

Ons gaan ook vir u 'n webskakel stuur, sodat u vir ons kan aandui hoe u kind in die oggend en middae by die huis kom, wat ons sal help om besluite te neem oor die veiligheid van die leerders. Kleiner leerders (gr. 1-4) behoort nie alleen te stap nie. Indien leerders moet stap, reël asb. dat hulle in groepies loop, verkieslik saam met 'n volwassene. Indien u regtig nie die webskakel kan gebruik nie, kan u vir die klasopvoeder vra vir 'n vorm om in te vul en terug te stuur, wanneer u kind weer by die skool is.

Sterkte vir die res van die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op sparmontagu
023 614 2080